AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za

Lynnwoodweg 1
PRETORIA

Tel: (012) 344-3805
Faks: (012) 344-3907

2 Mei 2017

Geagte Ouers

GREY KOLLEGE, BLOEMFONTEIN: VRYDAG 5 MEI EN SATERDAG 6 MEI 2017

Ons beplan om vanjaar met meer as 800 seuns aan verskillende sportaktiwiteite teen Grey mee te ding.

Leerlinge is vir hul eie beddegoed verantwoordelik.

Die busse vertrek op Vrydag, 5 Mei om 08:00 van die skool af. Op Saterdag, 6 Mei vertrek die busse om 14:00 (na afloop van die eerste rugbyspan se wedstryd) van Bloemfontein terug na Pretoria.

Slegs deelnemers word op die bus toegelaat.

Die koste vir die naweek beloop R550 per leerling. (Die skool subsidieer ‘n gedeelte van die bedrag). Alle seuns is verplig om met die busse na Bloemfontein te reis, maar mag wel saam met hulle ouers terugry.

Die bedrag word teen u seun se skoolrekening gehef. Kontantbetalings kan by die finansiële kantoor gedoen word. U is egter ook welkom om die bedrag elektronies te betaal: ABSA Hatfield, takkode 632005, rekeningnommer: 2140140255. Gebruik asseblief u seun se skoolrekeningnommer as verwysing.

Voltooi asseblief die skeurbrief van die dokument wat hierby aangeheg is en stuur dit voor of op Donderdag 4 Mei 2017 aan die betrokke afrigter.

Kansellasies moet met die afrigter gereël word.

By voorbaat dankie

Affie-groete

D. BOTES/ADJUNKHOOF: SPORT

DR. P. EDWARDS/HOOF